AFRIKA HET NOU SY EIE VOLPUNTE-VROU

HELEEN VAN ECK

TIEN-UIT-TIEN. Gereken onder die mooistes en die sexystes van die wêreld.

Die oud-Durbaniet Nicola Breytenbach (29) is lankal nie meer plaaslik nie – nie net omdat sy al 'n geruime tyd in Amerika woon en werk nie.

Ook nie omdat haar naam nou gebottel gaan word in die sagste, fleurigste parfuum en sy haar plaaslike etiket as "Ryk Neethling se eks" verloor het nie.

Maar omdat sy van vanjaar af internasionaal gereken word in die mededingendste skoonheidskringe.

Want om as een van die manstydskrif *FHM* se tophonderd- sexyste vroue in die wêreld beskou te word, saam met die mooistes en begeerlikstes in die wêreld, wil gedoen wees.

Daarby is dit nie enige mooi meisie wat die Trump-etiket dra nie. Enigiets wat ruik na "Donald Trump", vra presisie en deursettingsvermoë. En dis presies die bestanddele wat haar uniek "Nicola" maak.

Nicola, wat pas tien dae lank in Suid-Afrika was om reëlings te tref vir die geur, verpakking en verspreiding van haar eie parfuum, wat sy beskryf as "iets *floreal* wat jy bedags én saans kan dra", se kop is al weer op haar volgende projek. Dit is om haar eie swemreeks beskikbaar te stel.

Net soos met die reukwater, sê sy van haar eie klerereeks "dis wonderlik om jou naam op iets te sit, vir mense te kan gee en te sê dis *nice*; ek dra dit self".

Hoewel sy al jare in die buiteland woon, praat sy nog gemaklik Afrikaans, met so 'n paar swaar Engelse woorde tussenin as sy vashaak.



Nicola Breytenbach is verlede jaar gekies as nommer sewe op die wêreld se lys van sexyste meisies. *Foto:* **NICOLAAS DE BRUIN/FHM**